Die Voortrekkers

Posbus 12924, Hatfield, 0028
Francis Baardstraat 990, Hatfield
Tel 012 430 3914
E-pos transvaal@voortrekkers.co.za
transvaal.voortrekkers.co.za

30 November 2018

Beste kommandoleier,

Kommandojaarverslag 2018

Dit is weer tyd vir die voltooiing van die jaarlikse kommandojaarverslag.
Transvaal Voortrekkers benodig u samewerking met die voltooiing van die betrokke verslag wat voor of op 10 Januarie 2019 ingehandig moet word.

Die voltooide verslag sal outomaties na u oordleier en myself as gebiedsekretaris gestuur word.
Die skakel vir die verslag is:
Die kommandojaarverslag bestaan uit ses (6) bladsye en bestaan uit die volgende afdelings:
1. Verslag- en kommando Inligting
2. Ledestatistiek
3. Kommandoaktiwiteite
4. Gemeenskaps-betrokkenheid
5. Beplanning vir volgende jaar
6. Finansiële State en Bateregister

U kan direk op die afdelings opskrifte druk om na ’n betrokke bladsy van u keuse te gaan.
Die volgende inligting moet asseblief byderhand/beskikbaar wees alvorens u die verslag voltooi:

1. Verslag- en kommando Inligting

1.1 Gevolmagtigde

Besonderhede van die gevolmagtigde persoon wat hierdie kommandojaarverslag voltooi.
Dit kan hetsy die kommandoleier of AKL Administrasie wees

1.2 Kommando besonderhede

Besonderhede van die kommando wat benodig word vir die verslag:
Gebied, Oord, Kommando, Webbladadres en Facebookadres
Fisiese straatadres (Die adres waar die kommando gereeld bymekaar kom).

1.3 Bankbesonderhede

Hoeveel bankrekeninge het die kommando asook die inligting insake die bankrekening besonderhede.

2. Ledestatistiek

Verskaf die toepaslike ledestatistiek van die vorige en huidige jaar
De rekenaar sal outomaties aantoon wat die persentasie groei/daling in getalle is. (Persentasie groei)

Gebiedsleier Zandra Machin
Gebiedsekretaris Elsa Schnetler
Adjunkgebiedsleiers Anita Bezuidenhout, Riaan du Preez, Anine Wheeler, Jaco van der Walt, Dirk van den Berg

Die volgende korrekte getalle van voortrekkerlede vir die vorige en huidige jaar moet beskikbaar wees alvorens jy vorm sal kan voltooi: Ontdekkers, Penkoppe en Drawwertjies, Verkenners, Staatmakers en Volwasselede (Offisiere, Heemraadslede en Vriende).

3. Kommandoaktiwiteite

3.1 Kommandovergaderinge en -aktiwiteite
Hoeveel kommandodagbestuur vergaderings is gehou, soos bepaal in Hoofstuk 20, Paragraaf 5.4 van die Reglemente?
Hoeveel kommandobestuursvergaderings is gehou, soos bepaal in Hoofstuk 20, Paragraaf 4.4 van die Reglemente?

3.2 Die volgende dokumentasie moet elektronies beskikbaar wees sodat dit opgelaai kan word:
3.2.1 Die sakelys en notule van die kommandobestuursvergaderings
3.2.2 Die 2018 kommandojaarprogram

3.3 Hoe is die kommandoaktiwiteite vir hierdie jaar bygewoon (volledige kommentaar)

3.4 Noem drie (3) hoogtepunte wat die kommando hierdie jaar beleef het

3.5 Noem drie (3) uitdagings wat die kommando hierdie jaar beleef het

4. Gemeenskapsbetrokkenheid

4.1 Verskaf besonderhede oor die kommando se gemeenskapsbetrokkenheid vir die huidige jaar
Dui aan of jy saam met die volgende stellings stem, waar 0 = glad nie en 5 = volkome is.

4.2 Die kriteria wat beoordeel word
Ons kommando neem gereeld deel aan projekte en aktiwiteite in die gemeenskap
Ons kommando is deel van ’n aktiewe netwerk in ons plaaslike gemeenskap
Ons kommando is aktief betrokke by ons voedingskole
Ons kommando bied gereeld projekte en aktiwiteite in die gemeenskap aan
Ons kommando maak ’n positiewe impak in ons plaaslike gemeenskap
Ons kommando betrek plaaslike sakeondernemings by projekte en aktiwiteite
Ons kommando se opkoms/bywoning van projekte en aktiwiteite in die gemeenskap is baie goed
Ons kommando is aktief betrokke by ons plaaslike kerke
Ons kommando werk aktief saam met ons plaaslike skole, kerke, klubs en verenigings om geleenthede vir ons lede te skep

4.3 Noem die hoogtepunte van die kommando se betrokkenheid in die plaaslike gemeenskap gedurende hierdie jaar

4.4 Wat is die grootste uitdagings wat die kommando in die gesig staar om ’n wesenlike impak in die plaaslike gemeenskap te maak?

5. Beplanning vir volgende jaar

5.1 Kommandoleier/Groepleier se naam & kontakbesonderhede (selfoonnommer & e-pos)

5.2 Adjunkkommandoleier/-groepleier (Administrasie – selfoonnommer & e-pos)

5.3 Adjunkkommandoleier/-groepleier (Finansies – selfoonnommer & e-pos)

5.5 Die volgende dokument moet elektronies beskikbaar wees om opgelaai te word:
Jaarprogram 2019

6. Finansiële State en Bateregister

6.1 Bankrekenings se besonderhede bv. bankrekening naam en nommer.

6.2 Die volgende dokumentasie moet elektronies beskikbaar wees om hier opgelaai te word:
Die kommando se finansiële state en bateregister van die huidige jaar

Baie dankie vir jou hulp ten einde die kommandojaarverslag te voltooi.
Enige verdere navrae kan direk aan myself gestuur word.

EJJ Schnetler
elsies1@afrihost.co.za
082 707 2010